# SARS doen aansoek om verlof om te appelleer teen uitspraak van 16 November 2021

**30 November 2021** - Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), mnr. Edward Kieswetter, het, na oorweging van regsadvies en 'n sterk aanbeveling van die toepaslike SARS-wetstoepassingskomitee, ingestem dat SARS moet aansoek doen om verlof om te appelleer teen die uitspraak van 16 November 2021 in die Arena Holdings saak.

SARS appelleer teen die bevel en staan die bevestiging teë deur die Grondwetlike Hof van die ongrondwetlikheid van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, nr. 2 van 2000, en die Wet op Belastingadministrasie.

Tans, indien nie uitgedaag nie, sal die uitspraak die hoog op die prys gestelde beginsel van die vertroulikheid van belastingpligtige-inligting ondermyn, wat die fondasie is waarop die werk van SARS en ander internasionale inkomste-owerhede gebaseer is.

"Die publiek moet weet dat SARS die beginsel van vertroulikheid namens elke belastingpligtige sal verdedig. Elke belastingpligtige is gelyk voor die reg, en ons sal die wette, van toepassing op SARS, sonder aansien des persoons toepas," het kommissaris Kieswetter gesê.

Aangesien hierdie saak nou voor die howe lê, sal SARS nie verder kommentaar lewer nie.

Vir meer inligting, kontak SARS by SARSMedia@sars.gov.za.